**Dien die Here omdat jy deur die geloof geregverdig is**

**Lees: Galasiërs 3: 1 – 14 Teks: Galasiërs 3: 10**

Die afgelope 100 jaar het ons ‘n geweldige verandering gesien in die manier hoe die mens die Here dien en oor Hom dink. Vroeër jare het ons voorouers Bybel gelees, kerk toe gegaan, alles geglo wat die Bybel ons leer. Vandag is dit so dat gesinne nie meer tyd maak om die Bybel te lees nie, mense gaan nie meer Kerk toe nie, en niemand wil meer glo wat in die Bybel geskryf staan nie. Trouens mense het al op die punt gekom waar hulle die Here uit hulle lewens verwerp. Hy speel nie meer die belangrikste rol daarbinne nie.

Dieselfde probleem het in die gemeente van die Galasiërs na vore gekom. Paulus het so hard in die gemeente gewerk. Hy het die Woord verkondig en daar het mense tot geloof gekom. Maar nou het daar valse leraars of predikers gekom en hulle allerhande verskillende leuens kom vertel. Daar was Jode gewees wat hulle aangemoedig het om die Wet te onderhou. Sodoende was die argument sou hulle salig word, of verlossing ontvang.

Nou vra Paulus wie is dit wat hulle verstand so verdraai het? Het hulle salig geword in die eerste plek deur die Wet te onderhou of deur die geloof wat deur die Gees bewerk is? Baie duidelik vanuit die gedeelte nie deur die Wet te onderhou nie. Alleen deur die geloof.

Om die gemeente se onverstandigheid te illustreer, maak Paulus die gebruik van Abraham as voorbeeld. Abraham was vir die Jode iemand vir wie hulle respek gehad het. Abraham is nie as kind van God gesien op grond van wat hy gedoen het nie, maar omdat hy geglo het. Die Here het verder belowe dat al die nasies in Abraham geseën sou word. Daarom is dit nog steeds so dat elkeen wat glo geregverdig word op grond van die geloof. Net soos Abraham. Die onderhouding van die Wet kan jou nie jou saligheid of verlossing bring nie.

Dit was juis die rede hoekom Christus aan die kruis moes sterf. Hy het die Wet ten volle onderhou. Hy het die vloek van die Wet en die straf van die mens se sonde gedra en daarom moes Hy sterf. Hy het egter na drie dae uit die dood opgestaan en sodoende die straf van die Wet verbreek. Nog verder is dit nie meer nodig om die Wet te onderhou nie, maar ontvang jy verlossing van jou sonde deur te glo.

Wat nog meer merkwaardig is, is die feit dat Christus hierdie dinge gedoen het sonder dat ons dit enigsins verdien het. Hy het God se straf gedra sodat ons dit nie hoef te dra nie. Hy het kom bevestig dat God ‘n werklikheid is en dat God uit dankbaarheid vir jou verlossing gedien moet word. Nog verder het Hy bevestig dat die Woord betroubaar is en waar.

Die afgelope klompie jare kom dit baie duidelik na vore dat mense nie meer glo wat in die Skrif staan nie. Dit word afgemaak as ‘n storie wat na iets anders verwys. Niks is meer letterlik in die

Bybel nie. Nou kan ons maar dieselfde vraag as Paulus vra: Wie het ons verstand so mislei? Wat het gemaak dat ons mense hier in ons Kerk sos sterk was en nou het mense se gesindhede verander?

Daar word Sondag na Sondag geleentheid gegee om te kom luister na die Woord. Daar word op gereelde basis gesorg dat huisbesoek plaasvind. Daar word Sondag na Sondag Katkisasie gegee sodat die verbondskinders ook Woord verkondiging kan ontvang. Hoekom reageer ons as mense dan so verkeerd? Hoekom het mense die geneigdheid om van die Kerk af weg te bly, die Woord nie te glo nie, en die Here as't ware te verwerp? Dink ons die Bybel lieg? Dink ons dat die Here nie betekenis in ons lewens het nie? Is Hy net daar vir noodgeval. Ons het ‘n jaar wat voorlê waarin die Here die sentrale rol in ons en hierdie gemeente se lewe moet speel.

Ons moet Hom dien en eer op die manier wat Hy in sy Woord vir ons daargestel het. Ons moet Hom loof en dank vir die verlossing gegee so onverdiend. Ons moet weer die eerbied en respek vir Hom in ons lewens kweek sodat ons sy ryke seëning elke dag sal raaksien en Hom ewig daarvoor dankbaar sal wees.

**Ds. Neville Boy**
**28 Januarie 2018**